

30 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 19:29-46
Fokusgedeelte: Lukas 19:39-44

Bewoë oor sondaars

“Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil en gesê: As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor”.

Sal ons ooit kan verstaan? Ons Here is bewoë oor sondaars. Die Here Jesus, God self, huil oor Jerusalem.

Jerusalem is beeld van God se kerk, maar die kerk is vervalle en blind vir God. Selfs die pryssange van die skare verdof nie die aaklige werklikheid van Jerusalem se ongeloof en onkunde nie: *“As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor”.*

Ons sê vandag so maklik: “As ek maar net in daardie tyd toe die Here Jesus as mens op aarde was, kon lewe – dan sou ek maklik kon glo”. Meeste van die destydse kerkmense wou glad nie glo nie. Hoekom dan nie? Die Here sê: *“Maar nou is jy blind daarvoor”.* Ons worstel vandag nog met dieselfde blindheid.

Daar is twee dinge wat ons uit hierdie teks leer:

- Mense is van nature geestelik blind – ook verbondsmense, kerkmense.
- God is bewoë oor mense – hier besonderlik oor verbondsmense.

Daarom kan ons bid dat God ons van ons eie blindheid verlos en is ons bewoë oor die blindheid van ons naaste. Só ‘n gesindheid maak ons gereed om uit te reik na die blindes om ons. Leef hierdie gesindheid in jou hart?

Sing: Psalm 103:7

Ds PA Odendaal (Evander)